



SHEMOT - DIE NAME

Exodus 1:1 to 6:1
Jeremia 1:1 to 2:3
Hebreërs 11:23-26

Moses

Die boek Exodus is een van vyf boeke wat deur Moses geskryf is wat die Torah opmaak. Torah is die fondasie waardeur die Koninkryk van God/Elohiem hier op aarde regeer word.

Die Skrif laat die leser nou vorentoe reis met meer as drie honderd jaar. Vanaf die tyd van Josef se dood, volg ons die deurlopende geskiedenis van Jakob se familie, die Israeliete. Soos wat ons die boek Eksodus begin lees, hersien dit die sukses van Jakob se kleinkinders wat die individuele stam identiteite onderhou het, dieselfde Torah leefstyl onderhou het soos hul voorvaders en hoe hulle hulself beskerm het om nie te vermeng met die Egiptiese kultuur rondom hulle nie.

🦁 **Exodus 1:7** “Maar die kinders van Israel was vrugbaar en het baie geword, en hulle het vermeeder en besonder magtig geword, sodat die land vol was van hulle.”

Die Nuwe Farao

Soos wat die tyd verby gegaan het en lewe floreer het binne die Israelietese kamp, het Egipte onder die heerskappy van 'n nuwe Farao gekom. Hierdie koning was nie bekend gewees met die geskiedenis van Josef en die bydrae wat die Israeliete gemaak het tot die Egiptenare nie, asook nie die spesiale voorsiening wat aan hulle gemaak was deur die vorige Farao nie. Terwyl die Israeliete in Egipte was het hulle baie voorspoedig geword en het hulle aansienlik baie vermeeder. Hierdie nuwe Farao het dit nie as 'n seën gesien nie maar eerder die Israeliete gesien as 'n bedreiging teen sy eie leierskap as gevolg van hul sukses in die land. Die onsekerheid en jaloesie van hierdie nuwe koning het gou gelei na haat teenoor die Israeliete en het hy begin politiek optree. Om hulle sodoende onder sy onderdanigheid te bring, het hy planne begin beraam om Jakob se familie te onderdruk met die doel om te vernietig. Hierdie Farao het homself gesien as die vernaamste god van Egipte. Hy het verkies om met dit in gedagte te regeer sodat daar voorsiening sou wees wat as 'n fatale skakel sou dien tussen die mense van Egipte en hul gode. Dus, enige een van die wie vir God/Elohiem aanbid het, het in direk vyandskap gestaan teenoor Farao se planne en was dit 'n bedreiging vir sy koninkryk.

Die god, Farao, het homself gesien as omvattend in beide die fisiese en geestelike wêreld en vir die Egiptenare was dit een en dieselfde ding gewees. Hy het wettige geskille beoordeel en hy het die geestelike rituele gelei wat die ruggraat was van die Egiptiese kultuur. In sy rol as koning-god, was Farao verantwoordelik vir die onderhoud van die rol van Ma'at, die bewaarder van balans. Ma'at was die god wat regeer het oor die chaos wat gewag het om die aarde te tref. Die primêre doel van Farao was om orde te handhaaf deur die wet te onderhou en geregtigheid toe te dien. As 'n weerkaatsing van die bevel, het vele Farao's die title van Ma'at opgeneem, wat klem daarop gelê het dat hul fokus op geregtigheid en waarheid is. So lank as wat die Farao en die algemene mense die wette van die gode forseer het, was die balans onderhou en was alles goed en wel. Sou die Farao misluk in sy rol, het die Egiptenare gevoel dat die hele wêreld sou ly en neerdaal tot in 'n staat van anargisme.

God/*Elohiem* se planne is hoër as die planne van die mens. Alhoewel God/*Elohiem* Farao toegelaat het om die rol in Israel se geskiedenis te speel, sou dit alleenlik God/*Elohiem* se hand gewees het wat Sy mense sou red op Sy vasgestelde tyd. Hy het nie vir Israel vergeet asook Sy Verbonds belofte wat Hy aan Abraham, Isak en Jakob gemaak het nie.

📖 **Genesis 15:13-14** Daarna sê Hy vir Abraham: Weet verseker dat jou nageslag vreemdelinge sal wees in 'n land wat aan hulle nie behoort nie; daar sal hulle diensbaar wees en verdruk word vierhonderd jaar. Maar ek sal ook die nasie oordeel aan wie hulle diensbaar moet wees, en daarna sal hulle uittrek met baie goed.”

Onderduimse planne

Hierdie Farao het teenspoed begin beplan vir die Israeliete wat ontwerp was om hulle onderdaning te maak teenoor hom.

📖 **Jakobus 1:14-15** “Maar elkeen word versoek as hy deur sy eie begeerlikheid weggesleep en verlok word. Daarna, as die begeerlikheid ontvang het, baar dit sonde; en as die sonde tot volle ontwikkeling gekom het, bring dit die dood voor.”

Om die Egiptiese mense aan sy kant te kry, het Farao suspisie onder sy mense gesaai teenoor die Israeliete. Deur die Egiptenare wat aangespoor was deur jaloesie was die verhoog in plek gestel vir die redding van God/*Elohiem* se mense. Farao het verklaar,

📖 **Exodus 1:9-10** “Hy het aan sy volk gesê: Kyk, die volk van die kinders van Israel is meer en magtiger as ons. Kom, laat ons 'n slim plan teen hulle beraam, sodat hulle nie kan vermeerder nie, en as ons in oorlog geraak, hulle ook nie by ons vyande aansluit en teen ons veg en uit die land optrek nie.”

Die Israeliete was florerende mense gewees in hulle eie reg en het deur hulle ekonomie Egipte geseën. Dus, was Farao se plan 'n sukses gewees en het hy die Hebreërs, Egiptiese name gegee en dwangarbeiders oor hulle aangestel om hulle te onderdruk. In hulle slawerny was die Israeliete geforseer om voorraadstede Pietom en Raamses te bou wat geleë was in die onderste deel van Egipte. Pietom beteken *die stad van geregtigheid* en Raamses beteken *kind van die son*.

Farao se plan om God/Elohiem se mense te verslaaf, het vier fases gehad:

- Werwing vir publieke diens (Exodus 1:11).
- Verslawing onder dwangarbeid (Exodus 1:13-14).
- Die verandering van name, Hebreëus na Egipties in die hoop dat hulle hul identiteit sal verloor en vermeng (Exodus 1:15-16).
- Farao se laaste oplossing – die moord op alle manlike Hebreëuse babatjies (Exodus 1:22).

Die vyande van Israel het alle taktieke gebruik om hulle uit te roei soos die Spaanse inkwisisie en die Holocaust. Die mens se probeerslag deur die geskiedenis om God/Elohiem se mense en Sy planne te hinder was nog nooit suksesvol gewees nie.

The Hebreëuse Vroue

🦁 **Exodus 1:16** “As julle die Hebreëuse vroue by ‘n geboorte help, moet julle na die geboortestoel kyk: as dit ‘n seun is, maak hom dood; maar is dit ‘n dogter, laat haar lewe.”

Met die Israëliete wat so goed doen, het Farao gevrees dat as oorlog uitbreek, die Hebreëuse slawe sou saam span met die wat Egipte aanval en hul land omgooi. . As dit sou gebeur het, sou Egipte se ekonomie misluk het. In ‘n popging om te keer dat dit gebeur, het die koning beveel dat alle manlike Hebreëuse babatjies vermoor word terwyl alle vroulike babatjies toegelaat was om te lewe

Dit was tydens die tyd dat ons Egiptiese name sien wat toegepas word op die Hebreërs. Die Rabbi’s glo dat die twee Hebreëuse vrouens, wie se name Sifra (Regverdig) en Pua (Skitterend) was, Jochebed en Miriam was, die moeder en suster van Moses (Eksodus 1:10-15). Die Skrif verklaar dat hulle dade baie manlike Hebreëuse babatjies gered het. Omdat hulle toegelaat het dat die manlike Hebreëuse babatjies gelewe het, het hulle gou hulself voor Farao bevind om te verduidelik hoekom.

🦁 **Exodus 1:19** “Die Hebreëuse vroue is nie soos die Egiptiese nie, want hulle is sterkvoordat die vroedvrou by hulle kom, het hulle al gebaar.”

As gevolg van die Hebreëuse vrouens se dapper dade, het God/Elohiem hulle geseën. Die Hebreërs het aanhou floreer wat vir Farao meer kwaad gemaak het. Hy het gesê,

🦁 **Exodus 1:22** “Al die seuns wat gebore word, moet julle in die Nyl werp, maar al die dogters kan julle laat lewe.”

Hy het ‘n babatjie met die naam Moses gekies in Sy groot plan vir die redding en terugkeer van Israel na die Beloofde Land. Moses se lewe was ‘n profetiese prentjie van die lewe van Yeshua. Hy het gekom as die Losser vir Sy broeder *Israel*. Beide Moses en Yeshua het die wêreld ingekom in kwesbare posisies- *as babatjies*.

Hoekom vrees ons? Hier stel God/Elohiem Sy plan van redding bekend deur die einste voertuig wat die vyand wou vernietig – ‘n babatjie! Hier openbaar God/Elohiem aan ons dat

sy Verbonds beloftes so kragtig is dat al is ons selfs geestelik hulpeloos as kinders, dat as ons in Sy waarheid loop Hy ons redding sal bring (Mattheus 18: 1-6).

- ✚ **Jesaja 7:14** “Daarom sal Yahweh self aan julle ‘n teken gee: Kyk die maagd sal swanger word en ‘n seun verwek en hom Immanuel noem, wat beteken God/*Elohiem* met ons.”
- ✚ **Lukas 2:4-7** “En Josef het ook opgegaan van Galilea, uit die stad Nasaret, na Judea, na die stad van Dawid, wat Betlehem genoem word, omdat hy uit die huis en geslag van Dawid was, om hom te laat inskrywe saam met Maria, die vrou aan wie hy hom verloof het, wat swanger was. En terwyl hulle daar was, is die dae vervul dat sy moes baar; en sy het haar eersgebore Seun gebaar en Hom toegedraai in doeke en Hom in die krip neergelê, omdat daar vir hulle geen plek in die herberg was nie.”
- ✚ **Mattheus 18:1-6** “In daardie uur het die dissipels na Yeshua gekom en gesê: Wie is tog die grootste in die koninkryk van die hemele? To roep Yeshua ‘n kindjie na Hom en laat hom in hulle midde staan en Hy sê: Voorwaar Ek sê vir julle, as julle nie verander en soos die kindertjies word nie, sal julle nooit in die koninkryk van die hemele ingaan nie! Elkeen dan wat homself verneder soos hierdie kindjie, hy is die grootste in die koninkryk van die hemele. En elkeen wat een van sulke kindertjies in My Naam ontvang, ontvang My; maar elkeen wat een van hierdie kleintjies wat in My glo, laat struikel, dit is vir hom beter dat ‘n meulsteen aan sy nek gehang word en hy wegsink in die diepte van die see.” (Markus 4:30-32).

Soos wat baba Moses se lewe bedreig was, so ook was Yeshua se lewe.

- ✚ **Mattheus 2:13, 15-16** “En toe hulle teruggegaan het, verskyn daar ‘n engel van Yahweh in ‘n droom aan Josef en sê: Staan op, neem die Kindjie en sy moeder en vlug na Egipte, en bly daar totdat ek jou sê; want Herodes gaan die Kindjie soek om Hom dood te maak.’ En hy was daar tot die dood van Herodus, sodat die woord vervul sou word wat Yahweh gespreek het deur die profeet: Uit Egipte het ek My Seun geroep (Hosea 11:1). Toe Herodes sien dat hy deur die wyse manne mislei was, het hy baie woedend geword en gestuur en in Betlehem en in al die omstreke daarvan al die seuntjies van twee jaar en daaronder laat ombring, ooreenkomstig die tyd wat hy van die wyse manne uitgevra het.”

Die Mandjie Exodus 2:1-10

Moses se ouers, Amram en Jochebed was afkomstig gewees van die priesterlike Kehat lyn van die Levitiese stam. Die Skrif openbaar die waarde van geboorte in Levitikus 12 dat wanneer ‘n vrou geboorte gee aan ‘n seun moet sy haarself afsonder/*niddah* vir veertig dae vir haar reiniging. As sy geboorte gee aan ‘n dogter moet sy agt dae of drie maande neem om die dae van haar reiniging te voltooi.

- ✚ **Levitikus 12:1-5** “As ‘n vrou swanger word en ‘n seun baar, sal sy sewe dae lank onrein wees; soos in die dae van die onreinheid as sy onwel is, sal sy onrein wees. En op die agtste dag moet hy aan die vlees van sy voorhuid besny word. Dan moet sy drie en dertig dae in die reiningsbloed bly. Aan niks wat heilig is, moet sy raak nie en

in die heiligdom mag sy nie kom nie totdat die dae van haar reiniging verby is. Maar as sy 'n dogter baar, sal sy twee weke onrein wees soos by haar maandelikse onreinheid. Dan moet sy ses en sestig dae in die reiningsbloed bly.”

Siende dat Jochebed 'n seun gehad het, het sy haar vertrou in *God/Elohiem* geplaas en hom weggesteek van die publiek vir drie maande en voorgegee asof sy 'n dogter gebaar het. Sy het in die Skrif geglo en vertrou dat haar seun beskerm sou word teen die uitspraak van Farao en lewe.

🦁 **Hebreërs 11:23** “Deur die geloof is Moses na sy geboorte deur sy ouers drie maande lank weggesteek, omdat hulle gesien het dat die seuntjie mooi was; en hulle het nie die gebod van die koning gevrees nie.”

Toe Jochebed nie meer langer vir Moses kon verborge hou het nie het sy vir hom 'n mandjie van biesies geneem en dit met lymgrond en pik bestryk om die mandjie te laat dryf bo-op die water. Die hebreuse woord vir pik – karph – is dieselfde woord vir versoening en bedekking soos in die bedekking van sonde. Jochebed het haar seun in die mandjie geplaas, weggesteek tussen die biesies en hom laat dryf op die waters van die Nyl Rivier.



Soos wat die Hebreuse seuns in die Nyl gegooi moes geword het, was hierdie seun op die *waters van verdrukking* geplaas om deur die Gees van *God/Elohiem* gelei te word (Prediker 11:1) Die waters wat oordeel verteenwoordig het vir die Egiptenare het *redding* gebring van die dood vir Israel. Jochebed het geweet dat *God/Elohiem* nie vir haar 'n seun sou gee net om hom weer weg te neem van haar. Sy het ook geweet dat saam met die Verbond was daar 'n profesie wat sê dat die Israeliete in 'n land sou wees wat nie aan hulle behoort nie, vir vier honderd jaar, maar in die vierde geslag sal hulle terugkeer na die land [die Beloofde Land] (Genesis 15 :13-15). Jochebed het onderskei dat die verstrooiing in Egipte vinnig tot 'n einde sou kom en het sy haar geloof volkome in die *getrouheid* van *God/Elohiem* geplaas vir Sy *redding*.

Net soos wat Noag sy hele familie onder die beskerming van *God/Elohiem* geplaas het, deur hulle in 'n pik bedekte ark te verberg op die waters van verdrukking en so vir hulle *redding* gebring het van die dood, so het Jochebed Moses in 'n ark geplaas op die water wat gelei het tot die bewaring van die land van Israel.

Die Israeliete was opsoek gewees na 'n Verlosser. Moses het die voorloper geword van die Messias. Hierdie ark het die een gehuis wat Israel sou vrymaak van Egiptiese slawerny, 'n tipe wêreldse sisteem. Moses se storie is profeties teenoor die van die Messias, wie die Verlosser vir alle Nasies geword het deur die gawe van Sy *Versoening* (Johannes 4:42; 1 Johannes 4:14).

In die studie van Noag, verteenwoordig *water* mense groepe in die nasies vir wie die waters nie *redding* kon voorsien het nie, maar wel oordeel en dood. Met Moses het hy net verborge

gelê in die ark wat gedryf het op die waters van verdrukking/verlossing. In hierdie twee prente wys God/*Elohiem* vir ons hoe om te wandel tydens tye van verdrukking – in Sy Verbonds weë en Sy vasgestelde tye en seisoene (Esegel 44:23-24)

Kort nadat die klein ark op die Nyl geplaas was, het Faraos se dogter by die rivier bank opgedaag om te bad. Toe sy hierdie mandjie gesien het en besef het wat binne die mandjie was het sy besef dat 'n Hebreuse moeder so dapper was dat sy haar vader nie gehoorsaam het om haar Torah leefstyl te onderhou (Exodus 2:5-6). Sy het geen idêe gehad dat die babatjie wat sy gevind het bestem was om 'n groot leier en profeet vir Israel te wees, uitverkies om God/*Elohiem* se woord te openbaar deur die manefistiasie van die Messias en om sy mense huis toe te lei (Johannes 5:47-47).

Water (of Mikvah) verteenwoordig waarheid en 'n status verandering. Die mandjie (ark) verteenwoordig 'n Torah leefstyl. Net soos wat Faraos se dogter die mandjie nader aan haar laat bring het moet gelowiges ook nader tot God/*Elohiem* se lering en instruksies. Dan sal die verligte oë van julle verstand oopgaan en julle in staat stel om die Verlosser van Israel te sien, die Messias, Yeshua Ha Mashiach en Sy Koninkryk.

Later in Deuteronomium het Moses God/*Elohiem* se woorde gedeel met die kinders van Israel,

- 📖 **Deuteronomium 18:18-19** “'n Profeet sal Ek vir hulle verwek uit die midde van hulle broers, soos jy is, en Ek sal My woorde in sy mond lê, en Hy sal aan hulle sê alles wat Ek Hom bevel. En die man wat nie luister na My woorde wat Hy in My naam spreek nie, van hom sal ek self rekenskap eis.”
- 📖 **Johannes 5:46-47** Yeshua het gesê, “Maar as julle Moses geglo het, sou julle My glo, want hy het van My geskrywe. En as julle sy geskryfte nie glo nie, hoe sal julle My woorde glo?”

Miriam wie haar baba broer dop gehou het vanaf die oewer het haarself genader tot Faraos se dogter. Haar dade was baie dapper gewees alhoewel sy beide minderwaardig was in ouderdom en status teenoor die Egiptiese prinses. Miriam het voorgestel dat hulle 'n Hebreuse soogvrou kry. Nadat sy koninklike goedkeuring gekry het, het sy dadelik die baba se moeder gekies. Nadat sy herenig was met haar baba seun was Jochebed oorweldig met blydskap oor God/*Elohiem* se getrouheid. Sy het hom verpleeg totdat hy gespeen was. Tydens hierdie tyd het sy haar seun die Evangelie geleer, asook die Koninkryk beginsels van God/*Elohiem* hier op aarde. Dit het die fondasie geword van sy lewe wat hom sou lei al die dae van sy lewe.

- 📖 **Sprenke 22:6** “Oefen die seun volgens die eis van sy weg; dan sal hy, ook as hy oud word, daar nie van afwyk nie.”

Na hulle tyd saam tot 'n einde gekom het en die seun gespeen was, was Jochebed in staat om haar seun toe te vertrou in God/*Elohiem* se sorg. Sy het hom aangebied aan Faraos se dogter en hy het haar seun geword. Dit is wanneer die seun die naam Moses ontvang het wat beteken *een wat uitgetrek is* (Exodus 2:7-10). Faraos, die groot verdrukker van die Hebreuse mense het nou in sy eie huis die einste een wat die Israeliete sou red van sy toorn.

Wie het jou as owerste en regter oor ons aangestel?

Exodus 2:11-15

✚ **Handelinge 7:22-35** (Gedeelte van Stefanus se laaste woorde voordat hy gemartel was vir Messias) “En Moses was opgelei in al die wysheid van die Egiptenaars en was magtig in woorde en daad. En nadat hy die ouderdom van veertig jaar bereik het, het dit in sy hart opgekom om sy broers, die kinders van Israel, te besoek; en toe hy sien dat iemand onreg aangedoen word, het hy hom verdedig en die man wat mishandel was, gewreek deur die Egiptenaar te verslaan. En hy het gedink dat sy broers sou vertsaan dat God/*Elohiem* hulle deur sy hand redding sou gee, maar hulle het dit nie verstaan nie. En die volgende dag het hy by hulle verskyn terwyl hulle (Twee Israëliete) besig was om te veg en hy het by hulle aangedring om vrede te maak en gesê: Manne, julle is broers; waarom doen julle mekaar onreg aan? Maar hy wat sy naaste onreg aangedoen het, het hom afgestoot en gesê: Wie het jou as ‘n owerste en regter oor ons aangestel? Jy wil my tog nie doodmaak soos jy gister die Egiptenaar doodgemaak het nie?” (Exodus 2: 11-14)

“*Wie het jou owerste en regter oor ons gemaak?*” Waar het ons die woorde al gehoor? Josef se broers het ‘n soortgelyke stelling gemaak, “*Wil jy miskien oor ons regeer? Of wil jy miskien oor ons heers?*” (Genesis 37:8) Net soos Josef se broers, was Yeshua se volksgenote ook afgunstig oor Sy Koninkryk (Bloedlyn) gesag en het hulle hom beskuldig dat *Hy oor hulle wil heers*. Hulle het ook Sy dood beplan.

Moses Vlug Na Midian

Exodus 2:15-22

Toe Faraó uitgevind het dat Moses ‘n Egiptenaar dood gemaak het, het Faraó hom gesoek om hom dood te maak. Moses het vir sy lewe gevlug en het hy na Midian gegaan (Handelinge 7:29) die plek waar sy voorvader Abraham se familie gebly het. Die Midianietiese erfdeel was afkomstig van Midian, die vierde seun van Keturah, Abraham se byvrou. Hulle was ‘n groep nomadiese mense wat die noordelike dele van Arabia bewoon het. Hulle was ook die mees dominante mense van die stamgroep en daarom het hulle oor Arabia geheers. Die skiereiland van Sinai was die weivelde vir hulle kleinvee gewees. Dit was een van hulle karavane waarin Josef verhuis was na Egipte (Genesis 25:2; Genesis 37:28,36; 1 Kronieke 1:32).

Toe Moses in Midian arriveer het hy by ‘n put gaan rus. Die priester van Midian het sewe dogters gehad en hulle was skaapherders gewees. Toe hulle die put van hul vader bereik het om hulle kleinvee water te gee, het herders hulle probeer wegjaag, maar Moses het hulle gered en hulle kleinvee self water gegee. Hierdie is ‘n profetiese prentjie van die Messias wat Sy Vader se kleinvee red en hulself water gee, Lewende Water (Eksodus 2:15-17; Johannes 4:1-42; Matteus 10:6, 15:24).

Ons het geleer in die stories van Isak en Rebekka en Jakob en Ragel dat putte ‘n profetiese taal dra. Hulle verteenwoordig die lewende water wat Yeshua, die lewende Torah, vrylik gee. Putte in die Skrif is ook ‘n prent oor hoe om in Sy gawe van Redding en seëninge te loop.

✚ **Johannes 7:38** Yeshua het gesê, “Hy wat in My glo, soos die Skrif sê; strome van lewende water sal uit sy binneste vloei.”

Die nommer sewe verteenwoordig 'n voltooide nommer in God/*Elohiem* se Koninkryk soos ons sien met die sewe dae van die Skepping en in die boek Openbaring 1:11 verklaar Yeshua aan Johannes, “*Ek is die Alfa/Aleph en die Omega/Tav, die Eerste en die Laaste, en skryf wat jy sien in 'n boek en stuur dit na die sewe gemeentes/ekklesia...*” (Ekklesia Strong’s G1577 - Gemeente/samekoms). Wanneer die Midianietiese susters terug gekeer het van die put, het hul vader Reuel (Jetro) gevra, “*Hoekom is julle so vroeg terug vandag?*” Hulle het geantwoord, “*n Egiptenaar het ons gered van die herders. Hy het tot vir ons kleinvee water gegee vanuit die put.*” Sy dogters het nie Moses erken as 'n man van God/*Elohiem* nie omrede hy nog geklee was in sy Egiptiese klere. Alhoewel, hulle vader het anders onderskei dat hy nie 'n Egiptenaar was nie, want die Egiptenare het herders verafsku en sou hulle nie sorg vir sy dogters sy kleinvee nie. Rehuel (Jetro) het sy dogters vir Moses laat bring na hom toe om brood saam te breek.

Die Vriend van God

Moses het saamgestem om by Rehuel (Wat beteken *vriend van God*) te bly. In dankbaarheid teenoor Moses omdat hy vir sy dogters en hul kleinvee gesorg het, het hy sy dogter Sippora vir Moses gegee in die huwelik. Hulle het 'n seun gehad, Gersom, wat beteken, “*Ek het 'n vreemdeling in 'n vreemde land geword*” (Exodus 2:22, Exodus 18:3-4)

Die Roep Na 'n Redder Exodus 2:23-24

Die Skrif hou ons op hoogte van die gebeure in Egipte terwyl Moses in Midian vertoef het. Soos wat die tyd verby gegaan het, het die Farao wat bevel gelê het op die dood van Moses tot sterwe gekom. Die Israeliete het geweeklaag onder die las van slawerny en het uitgeroep na God/*Elohiem* vir hulp. Die vasgestelde tyd vir hul redding het gekom. Die Skrif verklaar dat God/*Elohiem* hulle gekerm gehoor het en dat Hy sy Verbond met Abraham, Isak en Jakob onthou het.

Die Brandende Bos Exodus 3

Terwyl Moses sy skoonvader se kleinvee opgepas het, het hy op 'n vreemde uitsig gekom – 'n bos wat brand in die middel van die woestyn. Soos wat hy nader het, het hy opgetel dat die vlamme nie die bos verteer het nie. Terwyl hy nader gekom het, het hy 'n stem gehoor wat hom geroep het vanuit die bos, “*Moses, Moses!*” En hy antwoord: “*Hier is ek.*” En die stem het gesê: “*Moenie nader kom nie. Trek jou skoene van jou voete af, want die plek waar jy op staan, is heilige grond.*”(Eksodus 3:4-5; Handeling 7:30-34)

In Hebreeuse denkwysse, soos verwys in Eksodus 3:11-16, is dit die einste plek, Berg Sinai, waar die toekomstige Israeliete verloop sou raak. Om *jou skoene uit te trek* beteken dat jy 'n erfposisie gee of ontvang. In die geval was dit die Huweliks Verbond. Moses was besig gewees om in die Verbonds huwelik te tree en 'n status verandering met God/*Elohiem*, net soos Abraham, Isak en Jakob voor hom.

Die Heilige Naam Geopenbaar

🌿 **Exodus 3:13-15** “Hierop het Moses tot God/*Elohiem* gespreek: Maar as ek by die kinders van Israel kom en aan hulle sê: Die God/*Elohiem* van julle vaders het my na julle gestuur, en hulle vra my: Hoe is sy Naam? – wat moet ek hulle antwoord?’ En God/*Elohiem* sê vir Moses: EK IS WAT EK IS. Ook sê hy: So moet jy die kinders van Israel antwoord: **EK IS** het my na julle gestuur.’ Toe sê God/*Elohiem* verder vir Moses: Dit moet jy aan die kinders van Israel meedeel: Yahweh Elohiem van julle vaders, die God/*Elohiem* van Abraham, Isak en Jakob, het my na julle gestuur. ***Dit is My Naam vir ewig, en dit is My gedenknaam van geslag tot geslag.***”

Kompromie

🌿 **Exodus 3:6-10** “Verder sê Hy: Ek is die God/*Elohiem* van jou vader, die God/*Elohiem* van Abraham, Isak en Jakob. Toe het Moses sy aangesig verberg, want hy was bevrees om God/*Elohiem* aan te sien. En Yahweh sê: Ek het duidelik gesien die ellende van My volk wat in Egipte is; en Ek het hulle jammerklagte oor hulle drywers gehoor, ja Ek ken hulle smarte. Daarom het Ek neergedaal om hulle uit die hand van die Egiptenaars te verlos en hulle te laat optrek uit daardie land na ‘n goeie en wye land, na ‘n land wat oorloop van melk en heuning, na die woonplek van die Kanaäniete en Hetiete en Amoriete en Feresiete en Hewiete en Jebusiete. En nou, kyk, die jammerklagte van die kinders van Israel het tot My gekom. Ook het ek die verdrukking gesien waarmee die Egiptenaars hulle verdruk. Gaan dan nou heen, dat Ek jou na Farao kan stuur; en lei My volk, die kinders van Israel, uit Egipte uit.”

Omdat Moses gely het aan ‘n swak selfbeeld, het hy sy aangesig van God/*Elohiem* verberg. Hy mag miskien ook skuldig gevoel het omrede hy vroeër ‘n Egiptenaar vermoor het. Dit kon ook gewees het dat Moses trots in sy hart gehad het. Trots kan nie voor Waarheid staan nie. Daarom het Moses sy gesig verberg. Siende dat Moses trots verberg het in sy hart, kon hy nie homself gesien het soos God/*Elohiem* hom gesien het nie. Trots bring ook gevoelens van kwesbaarheid na vore en kruip so agter vrees weg. Vir Moses was dit vrees wat veroorsaak het dat hy nie geskik was om ‘n taak te verrig nie. Wanneer Moses op die verdediging gegaan het en verskonings begin maak het, was dit trots gewees wat gepraat het. Trots stoot mense weg. Dit wil nie self opgee vir enige ding, iemand of doel nie. Trotste mense hou daarvan om allen te wees. Moses het baie hard probeer om dit maklik te maak het vir God/*Elohiem* om hom nie te kies as ‘n ambassadeur. Die realiteit is dat verskonings ‘n hart openbaar wat agter leuens, self-fokus en afgode wegkruip.

‘n Gebrek aan geloof vorm ‘n verwronge beeld van hoe ons God/*Elohiem* sien. Hierdie trots, self-fokus en ‘n gebrek aan ‘n goeie self-beeld is vooroordeel teenoor God/*Elohiem* se Woord, Verbond en Sy Getrouheid wat lei na verskonings wat God/*Elohiem* se werk verhinder. Trots kan Sy mense persoonlik affekteer of dit kan indirek duisende mense se lewens verander. Om God/*Elohiem* te dien gaan nooit oor ons nie; dit gaan oor om God/*Elohiem* se mense te seën. God/*Elohiem* het nooit Sy mense blootgestel aan iets voordat Hy nie voorsiening gemaak vir hulle voor die tyd nie. Ons *werk* is om in ooreenstemming te kom met Sy Woord en sê, “*Hier is ek! Stuur my*” (Jesaja 6:8)

Moses se vrae, vrese en verskonings oor hoekom God/*Elohiem* hom nie moes gekies het as leier om Israel uit Egipte te lei is vir ons goeie lesse vir vandag. Trots wat agter vrees

wegkruip is een van die grootste epidemies in die wêreld vandag. Wanneer God/*Elohiem* ons vra om Hom te dien, het Hy alreeds voorsiening gemaak vir ons en die weg voorberei en Hy weet wase toetse voor ons lê. Hy vra vir ons gehoorsaamheid ten spyte van die uitdagings wat ons *dink* voor ons lê. Om nie die roepstem van God/*Elohiem* te antwoord op ons lewens verminder die seëninge wat Hy beplan het om aan Sy mense te skenk. As ons neerbuig vir vrees of kompromie in ons harte, dan skik ons vir tweede beste in ons lewens en bring ons oneer teenoor God/*Elohiem* (Johannes 19:30)

🦁 **Openbaring 3:16** “Maar nou, omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit My mond spuug.”

Moses se vyf verskonings:

- Trots in die gevoel van onwaardigheid:* Moses het tot God/*Elohiem* gespreek, “Wie is ek, dat ek na Farao sou gaan en dat ek die kinders van Israel uit Egipte sou lei?” God/*Elohiem* het geantwoord, “Ek sal met jou wees, en dit sal vir jou ‘n teken wees dat Ek jou gestuur het: As jy die volk uit Egipte gelei het, sal julle op hierdie berg God/*Elohiem* dien.” (Exodus 3:11-12)
- Vrees vir die mens:* “Hierop het Moses tot God/*Elohiem* gespreek: Maar as ek by die kinders van Israel kom en aan hulle sê: Die God/*Elohiem* van julle vaders het my na julle gestuur, en hulle vra my: Hoe is sy Naam? – wat moet ek hulle antwoord?’ En God/*Elohiem* sê vir Moses: **EK IS WAT EK IS**. Ook sê hy: So moet jy die kinders van Israel antwoord: **EK IS** het my na julle gestuur.’ (Exodus 3:13-15)
- Vrees van verwerping:* “Maar as hulle my nie glo en na my stem nie luister nie, maar sê: Yahweh het nie aan jou verskyn nie? Daarop vra Yahweh vir hom: Wat is daar in jou hand? En hy antwoord: ‘n Staf. En Hy sê: Gooi dit op die grond. Toe gooi hy dit op die grond, en dit het ‘n slang geword; en Moses het daarvoor gevlug. Toe sê Yahweh vir Moses: Steek jou hand uit en gryp dit aan die stert. Hierop het hy sy hand uitgesteek en dit gegryp, en dit het ‘n staf in sy hand geword— sodat hulle kan glo dat Yahweh, die God/Elohiem van hulle vaders, die God/*Elohiem* van Abraham, die God/*Elohiem* van Isak en die God/*Elohiem* van Jakob, aan jou verskyn het. En Yahweh het verder vir hom gesê: Steek tog jou hand in jou boesem. En hy het sy hand in sy boesem gesteek; en toe hy dit uittrek, was sy hand melaats, soos sneeu! En Hy sê: Steek jou hand weer in jou boesem. En hy het sy hand weer in sy boesem gesteek; en toe hy dit uit sy boesem uittrek, was dit weer soos sy ander vlees!” (Exodus 4:1-6).
- Die invloed van vorige ondervindings:* “Toe sê Moses aan Yahweh/Adonai: Ag, Yahweh, ek is nie ‘n man van woorde nie—van gister of van eergister of vandat U met u kneg gespreek het nie; want ek is swaar van mond en swaar van tong. En Yahweh antwoord hom: Wie het vir die mens die mond gemaak, of wie maak stom of doof, of siende of blind? Is dit nie Ek, Yahweh, nie? Gaan dan nou heen, en Ek sal met jou mond wees en jou leer wat jy moet sê.” (Exodus 4:10-12).
- Die Behoefte aan ‘n Mandaat van God/*Elohiem*:* “Maar hy sê: Ag, Yahweh/Adonai, stuur tog deur wie U wil stuur.” (Exodus 4:13).

Dit was sy laaste verskoning gewees. Die nommer vyf verteenwoordig genade (guns). Moses het God/*Elohiem* se geduld tot die limiet getoets en God/*Elohiem* se toorn was ontvlam teenoor Moses. Hy het Moses belowe dat Hy sy broer, Aaron sou stuur om hom te help. “En Hy sê: Is jou broer Aäron, die Leviet, nie daar nie? Ek weet dat hy goed kan praat. En hy gaan ook al uit om jou te ontmoet, en as hy jou sien, sal hy bly wees in sy hart.” (Exodus 4:14)

Die Vertrek

Moses het sy staf geneem, terug gegaan na Jetro om toestemming te vra om terug te gaan na sy mense in Egipte. Met Jetro se seën, het Moses sy vrou en twee kinders geneem met al hulle besittings en begin met die lang trek terug na Egipte. God/*Elohiem* het vir Moses gesê,

✿ **Exodus 4:21-23** “En Yahweh sê vir Moses: Nou dat jy wegtrek om na Egipte terug te gaan, kyk dat jy al die wonders voor Farao doen wat Ek in jou mag gestel het. Maar Ek sal sy hart verhard, sodat hy die volk nie sal laat trek nie. Dan moet jy vir Farao sê: So spreek Yahweh: My eersgebore seun is Israel. Daarom beveel Ek jou: Laat my seun trek, dat hy My kan dien. Maar jy het geweier om hom te laat trek. Kyk, Ek sal jou eersgebore seun laat sterwe. “

Besny Voor Jy 'n Leierskap Rol Opneem Exodus 4:24

Moses het die besnydenis van hart nodig gehad net soos Abraham, Isak, Jakob en Josef wat voor hom was. Gelowiges kan nie verwag om vooruit te gaan en om in God/*Elohiem* se krag en gesag te loop terwyl jy een voet in Sy Koninkryk het en een voet in 'n mengsel van kompromie. Jy kan nie twee meesters hê nie. Vrees is die sonde van oneer. Dit moes eers aangespreek word voordat Moses opreg kon loop as God/*Elohiem* se verteenwoordiger voor Farao.

Nadat die familie hulself gevestig het, het God/*Elohiem* met Moses ontmoet. Sy toorn het so ontvlam teenoor Moses dat Hy gereed was om hom te verslaan. Sy vrou Sippora het onderneem en haar man se lewe gered. Moses het nog nie volkome vertrouwe gehad om sy hele hart oor te gee aan God/*Elohiem* nie. Die tekort aan harts besnydenis het gereflekteer in sy tekort aan die daad tot die instruksie om sy seun te besny. Die Egiptiese sending was so belangrik gewees dat die besnydenis eerste moes plaas gevind het in die hart van die vader, omdat hy die bron van die familie is, en dan kon dit oorgedra word aan die familie se harte en so kon hulle in diens van God/*Elohiem* getree het. Die familie moes in totale ooreenstemming gewees het met die Verbond omrede alle krag en gesag gelê het in die gehoorsaamheid teenoor Sy Woord. Andersins sou die sending misluk het. Gelowiges kan niks in hulle eie krag doen nie. Alhoewel Moses voorberei het om Egipte in te gaan en nie die land Israel nie, was hy op die punt gewees om te dien in God/*Elohiem* se Teenwoordigheid as Sy ambassadeur op aarde. Daarom was die besnydenis van Moses se hart fataal gewees vir die hele Israel en *vir die redding van sy siel*- wat die seëninge sou bring vir toekomstige geslagte. Dit was Sippora se simpatiek en haar vinnige daad wat sy lewe gered het.

Moses het die basiese fundamentele vereiste na gelaat. Vandag, net soos dit was in daardie tyd, is dit 'n vrywillige besnydenis van die hart wat God/*Elohiem* toelaat om Sy Woord te skryf waar sonde en oneer voorheen ingedien was. Hierdie daad lei na uitwaartse tekens van Sy teenwoordigheid in ons. Sippora het 'n skerp klip geneem en die voorhuid van haar seun

afgesny en dit by Moses se voete gegooi en gesê, "Waarlik, jy is vir my 'n bloedbruidegom!" Bloed versoen sonde. Die daad van gehoorsaamheid het Moses beskerm net soos die bloed offer wat op die deurkosyne van die Israëliete se huise gesmeer was en hulle beskerm het van die doodsengel die aand van hulle uittog.

An die einde van dae/Messianse Era, het ons die Gees van die Heilige Een wat ons beskerm van die vernietiging van die wêreld om ons *wanneer* ons in God/*Elohiem* se Koninkryk protokol/beginsels wandel en toepas in ons lewens. Ons werk is om klaar te maak met kompromie, vermenging en enige lou warm redenering of houdings wat nog bestaan in ons lewens. Wanneer ons, ons harte (tempel) reinig sal die wêreld nie 'n houvas op ons hê nie. Dit is die pad van vertrouwe en gehoorsaamheid.

✠ **2 Korinthiërs 5:1-7** "Want ons weet dat as ons aardse tentwoning afgebreek word, ons 'n gebou het van God/*Elohiem*, 'n huis nie met hande gemaak nie, ewig, in die hemele. Want om hierdie rede sug ons ook en verlang om met ons woning uit die hemel oorklee te word, as ons ten minste gekleed en nie naak bevind sal word nie. Want ons wat nog in die tent is, sug en voel beswaard, omdat ons liever nie ontklee nie, maar oorklee wil word, sodat die sterflike deur die lewe verslind kan word. Maar Hy wat ons juis hiervoor toeberei het, is God/*Elohiem*, wat ons ook die Gees as onderpand gegee het. Daarom het ons altyd goeie moed en weet dat as ons in die liggaam inwoon, ons van Yahweh uitwoon. ***Want ons wandel deur geloof en nie deur aanskouing nie.***"

Sonder vertrouwe (dade) in die Evangelie, kan ons nie ingaan nie. Ons moet ons pad wat ons stap versterk deur te laat gaan van alle vleeslike begeertes en dit wat probeer om ons terug te hou. As ons nie geloof en vertrouwe in die Evangelie het nie sal ons nooit ons swak vleeslike begeertes oorkom nie. Ons moet nie terug krimp soos Moses probeer het nie. Ons moet leer om in die wee van God/*Elohiem* se Koninkryk te wandel. God/*Elohiem* is besig om Torah te leer aan die verlore skape van die Huis van Israel en die wat verstrooi is tussen die Nasies. Dit is inderdaad 'n teken dat ons in die Messiaanse Era is (Efesiërs 5:8; Handeling 1:9-12; Jesaja 2:1-3).

God/*Elohiem* het vir Aaron, die broer van Moses gestuur, net soos belof was. Aaron het ondersteuning en bemoediging gebring vir Moses. Die twee het mekaar omhels toe hulle vir die eerste keer ontmoet het nadat hulle paaie geskei was. Moses het alles gedeel met Aaron wat God/*Elohiem* aan hom openbaar het. Hulle het toe die ouderlinge van al *twaaalf* *Israëlietiese stamme* bymekaar gebring en gedeel dat God/*Elohiem* hulle nie vergeet het nie. Met die samekoms het Moses God/*Elohiem* se planne onthul wat so lank terug gesproke was. Toe die ouderlinge dit gehoor het, was hulle oorweldig en het hulle in dankbaarheid neer gebuig en God/*Elohiem* aanbid (Exodus 4:27-31).

Bakstene Gemaak Sonder Strooi

Exodus 5

God/*Elohiem* se plan om 'n hele nasie te red van Egipte het begin. Verskeie kere in ons lewens wanneer God/*Elohiem* besig is om 'n groot werk te doen, mag dit dalk vir ons lyk soos die teenoorgestelde as wat ons verwag. Baie mense mis Sy seëninge omrede hulle te vroeg kop uittrek eerder as om te gewag het op God/*Elohiem* se tyd en Sy magtige hand vir verlossing. In oordeel (van die wêreld/vlees) is ons verlossing.

Voor Farao

Moses en Aaron het na Farao toe gegaan en aan hom oorgedra wat God/*Elohiem* gesê het, "Laat My volk trek sodat hulle vir My 'n fees kan hou in die woestyn." Die Fees wat Moses van gepraat het was die Fees van Weke/Pinkster (Shavuot) by Berg Sinai, waar die verlowing tussen Israel en God/*Elohiem* sou plaasvind in die woestyn.

Toe Farao die woorde gehoor het, het hy sy eie hard verhard. Hy het bevel gegee dat harder werk vir die Israeliete moes gegee word en hulle forseer om dubbel hulle daaglikse kwota bakstene te produseer sonder strooi. Hierdie enorme las om die onmoontlike taak te verrig het geweldige druk op die mense geplaas. Die Israelitiese voormanne wat deur Farao aangestel was het appel gelewer teen die taak maar het tot niks gekom nie. Die Israeliete het nie uitgeroep tot God/*Elohiem* nie maar het tot Moses en Aaron uitgeroep en hulle beskuldig dat dit hulle skuld was en dat hulle die probleem veroorsaak het. En het vir hulle gesê: "Mag Yahweh op julle let en oordeel, omdat julle ons gehaat gemaak het in die oë van Farao en in die oë van sy dienaars, sodat julle 'n swaard in hulle hand gegee het om ons om te bring." Daarop het Yahweh Moses geantwoord: "Nou sal jy sien wat Ek Farao sal aandoen. Want deur 'n sterke hand sal hy hulle laat trek, ja, deur 'n sterke hand gedwing, sal hy hulle uit sy land uitdrywe." (Exodus 5:21, 6:1).

📖 **Jeremiah 1:5-8** "Voordat Ek jou in die moederskoot gevorm het, het Ek jou geken; en voordat jy uit die liggaam voortgekom het, het Ek jou geheilig; Ek het jou tot 'n profeet vir die nasies gemaak. Toe het ek gesê: Ag, Meester Yahweh, voorwaar, ek kan nie praat nie, want ek is jonk. Maar Yahweh het vir my gesê: Moenie sê: Ek is jonk nie; want na wie Ek jou ook al stuur, moet jy gaan; en wat Ek jou ook al beveel, moet jy spreek. **Wees vir hulle nie bevrees nie, want Ek is met jou om jou uit te red, spreek Yahweh.**"

Vervolg...

Shabbat Shalom
Julie Parker

Vertaling deur: Freddy Vivier

Sheepfold Gleanings word beheer deur vrywilligers.

As Sheepfold Gleanings jou hoof geestelike maaltyd is, dankie vir jou ondersteuning.

Vir die van julle wat Sheepfold Gleanings se projek wil ondersteun, kan donasies gestuur word na Sheepfold Gleanings; 6655 Royal Avenue; P.O. Box 94014; West Vancouver, BC; V7W 2B0 CANADA

Sheepfold Gleanings geskryf deur Julie Parker

Pos: 6655 Royal Avenue; P.O. Box 94014; West Vancouver, BC; V7W 2B0 CANADA

Webtuiste: www.sheepfoldgleanings.com **Epos:** sheephear@yahoo.ca



© Kopiereg 2003-2018 Sheepfold Gleanings Inc. Alle Regte Voorbehou.

All materials are protected by copyright and are owned or licensed by **Sheepfold Gleanings**. Except as expressly permitted under these terms, any use of such materials is prohibited without our written consent. You are granted a limited, non-transferable and non-exclusive license to use, copy, and distribute any complete page or, where a document consists of more than one page, any complete document contained in this book, including related graphics, subject to the following conditions: 1. Copying or distributing less than a complete page or (where a document consists of more than one page) the complete document is prohibited; 2. The copyright notice set forth above and this permission notice must appear on all copies; 3. Use, copying and

distribution shall be solely for informational, non-commercial purposes; and 4. No graphics elements on this book may be used without express written consent.